


## *Lot 1: SCJ 19 0024 Gunther ET*

Sterk swart bul wat die rooi geen dra. Uit 'n manlike oogpunt is Gunther gelaai met van die bestes vanuit die rooi en die swart lyne. Loumotta Equilizer, Anvos Lofty, SAV Net Worth 4200 en BT Right Time. Die vroulike lyne is gelaai met koeilyne wat in menige kuddes in RSA voorkom, naamlik Tarzan Gazella 801, Mequatling Dreamcatcher, Mequatling Matriarch en Anvos Golden Girl. Hy toon goeie indekse vir melk en speen, maar veral sy GDT indeks moet speenkalftelers se aandag trek. Gunther spog met 'n GDT van 2.44kg/dag in sy Fase D toets en sal nie teleur stel nie.

## *Lot 2: SCJ 19 0005 Johnny Boy ET*

2017 Rooi Nasionale Kampioen Bul, Loumotta John Deere, wat gebruik is op een van ons swart skenker koeie is hy verseker een wat die oog vang. Hy is groot en sterk en kom met ‘n sterk kop met goeie, sterk oogbanke. Sy toplyn is netjies en het goeie bespiering. Johnny Boy het ‘n rustige temperament en sterk bene met ‘n goeie skede en testes. Hou hom dop, hou hom fyn dop. Hy is in die mark en gereed om te werk, rooi gene en al.

## *Lot 3: SCJ 18 0037 Bissie DuP*

Gebou soos Bismarck du Plessis, met ‘n skof wat die verse laat gil. Geteel uit die alom bekende Jewel-koeilyn, is sy halfsussie aan moederskant die huidige Nasionale Junior Kampioen Koei. Jy kan hom maar afmerk. Bissie is lank, hy’s breed en bowenal, is hy vrugbaar. Moenie dat sy ore jou flous nie, want hy is verseker sy sous werd.

Hy het gewerk by ons en hy het nog baie woema in sy tenk oor. Moontlike stoetkuddevaar wat nie sal teleurstel nie.

## *Lot 4: SCJ 17 0097 Ben Ten*

Hierdie Vansia Bentley-seun met Joyce’s Mr Strawberry aan moederskant word met trots aangebied. Met sy kenmerkende swart gesig en stert, het Ben Ten ‘n goeie temperament en algehele goeie voorkoms. Met Anvos Lofty, Red Rose en Girlie in sy stamboom is dit ‘n bul om nie te mis nie. Hy is ‘n mediumraam bul, met goeie lengte, breedte en kapasiteit met ‘n toplyn soos Tafelberg haarself. Sy eerste kalwers is reeds 12 maande en ouer en toon belofte om goeie teel diere te raak. Ons is trots om hom te kon teel, maar nog trotser om hom te kan aanbied.

## *Lot 5:  SCJ 19 0046 Donald Trump ET*

Nie elke dag wat hierdie tipe genetika in die mark kom nie.  Kleinseun van die DUURSTE SWART ANGUS KOEI ooit, Mequatling Dreamcatcher.  Dreamcatcher het haar laaste dae op Wolwedans spandeer en is neergelê in die ouderdom van 16 jaar. Donald het die temperament waarvoor die Angus ras bekend is en van sy moederlyn is daar nie veel verkeerd te sê nie.  Hul teenwoordigheid kan in Donald gesien word.  Hy het besondere sterk bene wat hom deur menige dekseisoene sal dra. Silwer meriete bul wat gereed is om te werk en sal verseker sy kant bring.

## *Lot 6:  SCJ 19 0028 McDreamy ET*

Nog ‘n Dreamcatcher-kleinseun wie se ma, Lammerskraal Dreamcatcher 013, ‘n groot, sterk koei is wat goed in die Joyce’s program ingeskakel het.  Die Dreamcatchers lyk die een soos die ander, en moenie op uitgemis word nie.  Ons bied hierdie groot seun met trots aan.

## *Lot 7:  SCJ 19 0128 Rescue ET*

Moet hy gaan? Of moet hy dalk bly?

Hierdie SAV Resource-seun vang dadelik die oog en bulle van sy gehalte kom nie elke dag in die mark nie.  ‘n Jong bul wat my baie opgewonde het en verseker sy stempel afdruk.  Lengte van lyf, breedte, baie goeie bespiering en bowenal ‘n sak wat aandag trek.  Hy is goed aanmekaar gesit en is geteel uit ‘n baie goeie koeifamilie.  Ons het hom getap vir eie gebruik.  Let veral op na sy goeie GDT en voeromset indekse, maar veral sy Marmering indeks van 140!!  Hy sal nageslag agter laat wat die oog vang terwyl hy vleiskwaliteit sal verbeter.  Merk hom maar af, voor dit te laat is.

## *Lot 8:  SCJ 18 0010 Cash Is King ET*

Kontant is steeds Koning en daarom bied ons hierdie moontlike stoetvaar met trots aan op ons 11de Angus Pioniers veiling.

Geteel uit die alom bekende Sherry-koeilyn van JM Steyn met Red Corner Creek Cash as vaar.  Hy het lengte, breedte en diepte soos min.  Hy het in 2020 agtergebly en as kuddevaar diens gedoen.  Daar is 'n groot groep van sy kalwers op die grond en hulle lyk belowend.  Ons bied hom met trots aan.

## *Lot 9:  SCJ 19 0123 Des Balles ET*

Die enigste PVF Insight-seun op veiling vandag en verseker een wat aandag trek.  Met PVF Missie 790 as ouma, is sy een van die beste teel koeie ter wêreld met nageslag wat die skouringe wêreldwyd oorheers.  Des Balles, met French Kiss as moeder, hoef vir geen ander bul op die veiling terug te staan nie.  Sy boude trek verseker die verse se aandag met die ouer koeie wat smag na sy sterk, manlike voorkoms.  Hy het 'n goeie Angus kop, lengte van lyf en is mooi skoon deur die skede.  Hou maar 'n ogie op hom, ek weet die verse het!!

## *Lot 10:  SCJ 19 0016 Stampedo ET*

Eye appealing young stud that is ready to impress his ladies.  Bred from a BT Right Time mother with our very own Mr Consensus, he has looks to kill.  Good length of body with a good hind quarter, clean through the sheath and excellent top line.  He has got "Cow Maker" written all over his pedigree, so do not miss out on him.  One of three full brothers on sale, don't let him slip.

## *Lot 11:  SCJ 19 0124 Navigator ET*

Ons bied vanjaar die eerste Buford Pathfinder seuns aan in Suid-Afrika.  Hy het geteel net soos sy pa, SAV Resource.  Met ‘n sterk koeilyn aan moederskant en die tipe wat Resource byvoeg, is hy en sy broers verseker van die gunstelling jong bulle beskikbaar.  Navigator het ‘n goeie agterkwart, testes en breedte om oor huis toe te skryf.  Hy loop gemaklik en trots.  Hy is gereed om te werk en jou plaas sy huis te noem.

## *Lot 12:  JMS 15 0998 Banknote*

Oud, maar beslis nog nie koud nie.  Met Anvos Tundra as vaar en Leachman Kingdom aan moederskant, is hierdie stoetbul nog nie gereed om neergelê te word nie.  Hy is ‘n groot raam bul wat goeie nageslag in beide Joyce’s en Vansia kuddes agter laat.  Met goeie bene en sterk voete laat hy die aarde dreun om sy teenwoordigheid bekend te maak.  Banknote beskik oor die lengte en breedte soos die skoonveld van ‘n Par 5 en goeie bespiering.  Ons het hom met trots gebruik en bied hom met trots aan.

## *Lot 13:  SCJ 19 0075 Commander ET*

Nog ‘n rooi geen draer met Hide-A-Ways Wing Commander as vaar was dit ‘n goeie kombinasie met Woodview Black Pride. Beide voormalige Nasionale Kampioene met Black Pride wat nie minder as drie Goue Bekers oor Suid-Afrika heen ingepalm het nie.  Sy is steeds aktief in die kudde en is op 14 jarige ouderdom dragtig bevestig met ‘n groot bulkalf aan voet.  Commander is lank en sterk gebou met ‘n besondere stel bene om hom te dra.  Min Black Pride genetika beskikbaar, so kry hom voor hulle weg is!!

## *Lot 14:  SCJ 18 0127 Pajamas*

Mequatling Allday kleinseun wat ook die rooi geen dra.  Sy moeder is een van ons skenker koeie met Mulberry as vaar.  Pajamas het reeds laasjaar sy werksklere aangetrek met sy eerste kalwers wat reeds op die plaas baljaar.  Pajamas slaap verseker nie in die nag nie en bring sy kant.  Hy is gehard, hys bespierd en dra homself baie goed op sy sterk bene.  As jy melk en naspeense groei tot jou koei kudde wil byvoeg, is hierdie seun verseker die een.

## *Lot 15:  SCJ 19 0113 Garmin ET*

Nog 'n Pathfinder-seun wat Resource se gene sterk na vore bring.  Breed in die bors, met 'n goeie agterkwart en lang lyf sal hy jou kudde vol vleis pomp.  Hy het goeie bene en voete wat hom reguit na die koeie sal lei met 'n kop wat ook die oog vang.  Merk hom af, want jy mag dalk net verbaas wees.

## *Lot 16:  SCJ 19 0040 Schuster*

Oh Schucks, here comes Schuster!!!  Die enigste tweejaar oue rooi bul op die veiling vanjaar en hy word met trots aangebied.  Nog nageslag van Joyce's Mr Strawberry wat voorwaar sy merk in ons kudde gemaak het.  Sy ma se ouma is die 2012 Goue Beker wenner by Swartland Skou en het verseker haar stempel op haar dogters en kleindogters agtergelaat.  Schuster se pa is 'n voormalige Nasionale Kampioen geteel deur oom Piet Delport. Uprise het ook sy impak op ons kudde gemaak.  Schuster het reeds gewerk met die dragtige verse wat aangebied word wat van hom gaan kalf.

## *Lot 17:  SCJ 19 0014 Sensus ET*

Volbroer van Skyline en Stampedo, met goeie lengte van lyf en sterk beenstruktuur.  Hy is 'n BT Right Time-kleinseun met ons eie Mr Consensus.  Hy het 'n sterk manlike kop en 'n goeie toplyn.  Gereed om te werk.

## *Lot 18:  SCJ 19 0011 Skyline ET*

Nog ‘n BT Right Time-kleinseun met ‘n kleiner raam.  Hy het lengte van lyf en ‘n goeie toplyn.  Die skenker moeder, Mequatling Skylark, was ‘n sterk koei wat beide goeie seuns en dogters agtergelaat het.  Ideale bul om koeikudde se raam af te bring, gereed om te werk.

## *Lot 19:  SCJ 19 0089 International 989*

Seun van Joyce’s International 635, wat volbroer is van die huidige Nasionale Senior Kampioen Swart Angus Bul, International No. 1.  Hierdie Hot Girl-kleinseun is gekombineer met die baie sterk Kinkaid bloedlyn.  Met SAV Harvestor aan beide kante van sy stamboom, sal hy verseker die dames oes op jou plaas.  Hy beskik oor ‘n lang lyf met ‘n goeie agterkwart en testes.  Hy het goeie bene en stel belang in selfs die dragtige koeie.  Ideale bul om jou verse mee oop te maak met genoeg oemf om die koeie ook by te kom.

## *Lot 20:  SCJ 18 0052 Bennie ET*

Een van die laaste Vansia Bertus-seuns wat op die mark beskikbaar gaan wees.  Een van die bulle wat diens gedoen het by die dragtige verse wat vandag aangebied word, is hy reeds ‘n bul wat die weg na ‘n koei se hart ken.  Hy beskik oor ‘n lang lyf en goeie bespiering.  Hy is gereed om op jou plaas diens te kom doen.